

## PSALM 110-3

## 110-3

Die HE - RE roep my He - re:  
 "Sit regs van My en rig,  
 tot Ek oor - win in e - re,  
 u vy - and voor U swig  
 Ont - vang u sep - ter mag - tig  
 uit Si - on en re - geer."  
 U heer - skap - py is krag - tig;  
 U werp u vy - and neer.

110-3:2

U volk, my Heer en Koning,  
 staan vir die stryd gereed,  
 bereid tot diensbetoning,  
 in feesgewaad gekleed.  
 Die fleur van jong geslagte,  
 vars soos die vroegdagdou,  
 sterk u oorwinningsmagte  
 as jeugkrag U omvou.

110-3

"My Woord en eed staan stewig  
 en onherroeplik vas:  
 my priester's U - vir ewig -  
 soos Melgisedek was."  
 Die Heer gee U oorwinning  
 en laat die vorste val.  
 Verfris deur vars verswikking  
 oorwin Hy een en al.